

Sondag 11 Junie

Skrifgedeelte: Romeine 3:9-20

Fokusgedeelte: Romeine 3:9; HK Sondag 23, Antwoord 60

Ons doemwaardigheid voor God

Om die bate van ons geloof goed te kan begryp, moet ons weet hoe dit moontlik is dat ons voor God regverdig kan wees. Daarom stel die Kategismus ook die vraag: “Hoe is jy regverdig voor God”? In hierdie vraag hoor ons eintlik ’n verklaarbare verwondering: Hoe is dit moontlik dat ek, ellendige en doemwaardige sondaar, as ’n regverdige voor God kan staan? Hoe kan ek regverdig wees *voor God*? Deur mense kan ek dalk nog as ’n regverdige gesien word, maar hoe is dit moontlik voor God wat my hart ken as ’n bron van sonde en ongeregtigheid? En hoe kan juis dié God verklaar dat ek regverdig is? Regverdig wil tog sê dat God geen aanmerkings oor my lewe en geen beskuldigings teen my het nie en ... hoe kan dit?

Die opstellers van die Kategismus het egter nie vergeet dat ons sondaars is toe hulle geskryf het dat ons regverdig voor God is nie; intendeel, hulle het dit goed raakgesien, beter as wat ons dit gewoonlik raaksien. Lees maar weer met konsentrasie die aanhaling uit die Kategismus hierbo. Dit toon duidelik dat die opstellers nie ons sondes vergeet het nie, want hulle gee dit in besonderhede weer. Hulle sê saam met Paulus in Romeine 3:9 dat ons almal in die mag van die sonde is.

Dit is noodsaaklik dat ons ons sondes so moet ken as ons die weldaad van die regverdiging deur die geloof wil verstaan. As ons ons sondes nie behoorlik ken nie, sal ons immers geen behoefte daaraan hê om deur God geregverdig te word nie. Daarom moet elkeen van ons weet en bely: Ek is ’n sondaar wat die hel verdien omdat ek nie net teen sommige nie, maar teen *al* die gebooue van God gesondig het en boonop *swaar* daarteen gesondig het. Ek het werklik nie een gebod onderhou nie. God het aan my gesê: Jy moet My liefhê bo alles en jou naaste soos jouself. En dit is wat ek nie gedoen het nie. Daarom moet ek bely dat my lewe so verskriklik leeg is aan liefde tot God en liefde tot my naaste en so vol is van myself, so vol sonde.

Dit is nie al nie, want my sondes en sondige aard het so ’n greep op my dat ek nie nou ’n einde daaraan kan maak en sorg dat ek dit nooit weer doen nie. Juis die greep wat die sonde op my het, het tot gevolg dat ek voortdurend tot *alle* sonde en kwaad geneig is. Die kieme van elke sonde en kwaad vind ek in my eie hart. Dat ek dit nie altyd doen nie, is net omdat God in sy genade my daarteen beskerm.

So moet ons ons sondes ken en bely as ons die weldaad van die regverdiging voor God en die vrypraak van skuld reg wil verstaan en van harte wil bely.